

# Pleidooi van 'n Volk

## Volksgenote.

YAHUAH ons Skepper, dié Seun van VADER, het aan Abraham verskyn om aan hom beloftes en geloftes te gee. So het Hy dit herhaal aan Isak die seun van Abraham en later weer oorgedra aan Isak se seun Jakob waardeur die 12 aards vaders na vore gekom het. Jakob wat later Yashar'EL geheet het weens die worsteling en pleit met 'n BoodsAPPER (YAHUAH) van VADER.

Yashar'EL het latere jare verhuis na Egipte weens 'n groot droogte. Hulle was bywoners in Egipte tot hulle later in slawerny gedwing was deur die Egiptenare. 430 Jaar het hulle in Egipte vertoef. 400 jaar van die 430 jare was hulle slawe in Egipte. Met groot geklaag het die Yashar'EL na VADER om hulp geroep. Met wonders en tekens (*10 plae*) het HY die Egiptenaar getref en so die Yashar'EL volk gered. Die Egipte uittog het gevolg waar hulle deur die see en dorre landstreek gestap het. Deur wonder en tekens was VADER se hand 40 jaar lank oor Yashar'EL waarvan hulle manna geëet het en water gedrink het uit 'n rots. 'n Vuurkolom het gedurende die nag en 'n wolkkolom gedurende die dag oor hulle gekom om die pad vir die volk te verlig. Op die berg Sinai het YAHUAH neergedaal en met hulle gespreek uit die hemel, en YAHUAH het aan hulle verordeninge, wette, insettinge en gebooie gegee. YAHUAH het dié Shabbat aan hulle bekend gestel en so ook die feeste deur Sy kneg Moses.

Telkemaal het hulle afvallig geword en vergeet van die wonders en tekens wat YAHUAH hulle Skepper hulle mee gelei en beskerm het. Wederstrewig en hardnekkig was ons voorvaders teenoor wet en orde. YAHUAH se goed guns, vergewensgesindheid, barmhartigheid, lankmoedig en goedertierenheid onophoudelik getoets. Met al die seer wat die volk YAH aangedoen het, het Hy nog steeds Sy uitverkore gehelp en beskerm. Hy het hulle die land Kanaän laat erf met alles wat daarin was. Hy het volke (basters) wat daarin woonagtig was weggeslinger om plek te kon maak vir Sy uitverkore. Goed het hulle gelewe uit wat hulle ontvang het in Kanaän.

VADER was baie jare lankmoedig oor hulle. VADER het hulle gewaarsku deur Sy profete; maar hulle het geen gehoor gegee nie. Weens hulle hardnekkigheid het VADER hulle oorgegee in die hand van die volke wat hulle laat oorbly het in die land Kanaän.

VADER was regverdig in alles wat Hy oor ons voorouers laat kom het. HY was getrou in SY handel, maar ons voorvaders was boos. Ons owerstes, priesters en voorvaders het YAH se wet en verordening nie volbring nie. Hulle het YAHUAH se gebooie en getuienisse "waarmee YAHUAH hulle gewaarsku het" nie geluister nie.

Weens die ongehoorsaamheid het YAH die volk geskei. Verlate en verlore is die uitverkore volk sonder sy Skepper. Soos blindes het die volk rond geskarrel waaroor dié Naam van VADER uitgeroep was. Die uitverkore is oor die aarde weggeslinger. Tussen heiden, dier en sprinkaan woon die uitverkore “Herderloos”. Ja ons as die Boervolk aan die suidpunt van Afrika loop dieselfde pad as ons voorouers.

Ons is vandag slawe in die land wat YAH aan ons vaders gegee het. Die vrug en die volheid van ‘n geseënde land word nou deur ander geniet. Die opbrings verminder tog geniet die kaalvreter homself. Ja die heiden volke wat U oor ons gestel het, hulle heers oor ons liggame en oor ons vee na willekeur. Ons as Boervolk is in ‘n groot benoudheid. Op grond van alles sluit die blanke volk nog steeds verbonde met die heiden. Deur verraad in die verlede het Boer en Afrikaner verdrae gesluit. In 1902 die vredesverdrag; 1910 Unie van SA; 1961 Republiek van SA, ‘ja’ op verseëlde stuk het ons owerstes en priesters geteken. Vanaf 1652 het vele verraad en verraaier onder U volk opgestaan om sy mede broer te ondermyn en te vertrap tot eie gewin. Hulle wat reeds goud in oorfloed het, skud die geldsak en weeg silwer af met ‘n vals weegskaal. Hulle huur en betaal almal rondom hulle om hulle koninkryk te verseker hier op aarde. Hulle god is ‘Mammon’ en hulle diening is hulle skatte. Die arme, en wees, en weduwee kom nie by hulle in aanmerking nie.

Ons as die Boerevolk, ‘ja’ volk van U o YAH, weet dat ons ‘n volksgenoot oor ons moes aanstel, maar het na edele die ryke gegaan onder ons wat saam met die heiden “ons vyand” gaan. Ons het teen U wet gegaan en ‘n uitlander wat nie ‘n Broer was nie, oor ons aan gestel. Ons het U ‘o’ YAH se ywer gewek en geterg, deur nietige gode op te rug oraloor in ons land. U het daarom ons as die Boerevolk se ywer gewek deur die wat ‘n nie-volk is. U het ‘n dwase nasie oor ons aangestel om ons te terg. Regoor die aarde word die kinders van Jakob / Yashar<sup>2</sup>EL gedrywe deur vreemdes en selfs vroue heers oor hulle. U stel dit duidelik oor die jare: *“Volk van YAH jou leiërs is verleiers, en die weg wat jou pad moes wees, het hulle tot ‘n dwaalweg gemaak”*.

‘O’ VADER ons rug ons oë na U: Was ons, reinig ons, neem die boosheid van ons handeling voor U oë weg, laat ons ophou om kwaad te doen, leer ons om goed te doen, laat ons die reg soek, betuel U die verdrukker van U volk, help ons om reg te doen aan die ‘wees’, verdedig die saak van die weduwee. U het gesê: *“Kom nou en laat ons die saak uitmaak: al was julle oortredinge soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol”*.

Die oorblyfsel van U uitverkore seuns is min in getal en die eenvoudige kan ons al tel en opskrywe.

U 'o' VADER het gesê: *“Ek self sal die oorblyfsel van MY skape versamel uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het; en Ek sal hulle terugbring na hulle weiveld, en hulle sal vrugbaar wees en vermenigvuldig. En Ek sal herders oor hulle verwek wat hulle sal oppas; en hulle sal nie meer bevrees of verskrik wees of vermis word nie”, ....*

YAHUAH soos U oë ons nou kan aanskou is die hele uitverkore volk (*klein en groot*) 'n klein oorblyfsel wat uit baie oorgebly het.

Wees nie ver van ons af nie, want die nood is naby, want daar is geen helper nie. Baie stiere het ons omsingel, sterkes van Europa, Amerika, Asië en Afrika het ons omring. Hulle het hul mond teen ons oopgespalk soos 'n leeu wat verskeur en brul. Ons is uitgestort soos water; al ons beendere raak los; ons harte het soos was geword; dit het gesmelt binne-in ons ingewande. Ons krag is verdroog soos 'n potskerf, en ons tong kleef aan ons verhemelte; en U lê ons neer in die stof van die dood. Want honde het ons omsingel; 'n bende kwaaddoeners het ons omring; hulle het ons hande en ons voete deurgrawe. Al ons beendere kan ek tel; hulle kyk, hulle sien met welgevalle op ons neer! Hulle verdeel ons klere onder mekaar en werp die lot oor ons gewaad. Maar U, VADER, wees nie ver nie; ons Sterkte, maak tog gou om ons te help! Red ons siel van die swaard, ons enigste uit die mag van die hond. Verhoor tog U volk se gebede!

Nogtans nie ons wil nie, maar U wil.

HalleluYAH

Ns: Dele kom uit Ps.22